**CACHET APTEEK**
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI | Nommer 11 | 1 Mei 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
ASPU

**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1

## Winskopies

DIE SSR het Donderdag, 23 April, 'n mosie aangeneem oor alle opgehoopte bates in die kluis, stoor en argief.

Die volgende items is op Woensdag 6 Mei tussen 09h00 en 14h00 by die Inligtingshokkie te koop:

500 T-hemde teen R1 stuk, 600 Pukhoedjies teen R2 stuk, 1 000 Puk serpe en musse teen R4,50, 500 Puk skryfblokke en koeverte teen R1 en 100 Puk- RAU Intervarsity T-hempies teen R1 stuk.

Alle T-hemde wat nie verkoop word nie sal, soos in die verlede, aan kinderhuise en weeshuise geskenk word.

## NH-Kerk !ê hoeksteen

Alle belangstellendes word vriendelik uitgenooi na 'n erediens van die Nederduitsch Hervormde Studentegemeente op 3 Mei om 15h00, waarna die hoeksteen van die nuwe kerkgebou in Silwerstraat om 16h00 gelê sal word.

Die erediens vind plaas in die kerkgebou van die Nederduitsch Gereformeerde Gemeente Potchefstroom Noord, tussen Dwarsstraat en Silverstraat. Verversings sal om 16h30 in die kerksaal aangebied word.

Die aanddiens van die Studentegemeente word gekanselleer met die oog op die hoeksteenlegging.

## Binne


- Kandidate vir dirigentsverkiesing — p7
- Die Wapad bied weer 'n poësiekompetisie aan — p2
- Die nuwe administrasiegebou word van 11 tot 13 Mei betrek — p3
- Sportvoorsitters daag nie op by vergadering — p8
- Eerstejaars mag in die toekoms direk na bros-eksamen kleurbaadjies koop — p5


## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe.
**Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.
**Fotografie:** Lynn Pretorius, Tel 4278.
**Saktyd**
Maandag 13h00.

# Sjampanjenooi uit vier aangewys

**— Zelda Nel —**

**DIT is weer tyd vir die verkiesing van 'n nuwe sjampanje-nooi vir daardie ekstra bietjie speserye in die Intervarsitybredie. Vier finaliste is reeds aangewys en die finale keuring vind op Donderdagaand, 30 April plaas in die vorm van 'n kaas-en-wyn.**

Die vier meisies wat deurgedring het tot die finale keuring is Marie Buys van Karlien, Lindi Wolhuter van Vergeet-my-nie, Ona Neethling en Carien van Rensburg — albei van Oosterhof. Lappies Labuschagne, die SSR-lid vir Intervarsity, het beklemtoon dat hierdie nie 'n skoonheidskompetisie was waaraan die meisies deelgeneem het nie. Hulle is afsonderlik deur 'n paneel beoordelaars gekeur op grond van hul persoonlikheid: hul algemene kennis en hul algemene versorging.

Elke dameskoshuis kon twee kandidate stel wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen. Die paneel beoordelaars vir die eerste keuring was mnr Dirk Coetzee van Koshuisadministrasie, mev Suzette Eloff en 'n skoonheidsdeskundige van 'n salon in Potchefstroom.

Hierdie jaar is die wenner in die bevoorregte posisie om in een van Southern Sun se hotelle tuis te gaan tydens die Intervarsity met RAU. Pukke kan maar begin lippe aflek vir die uitslag van die kompetisie wat ná Donderdagaand, 30 April, bekend sal wees.



● *Regs, So lyk drie van die vier nooientjies wat Donderdagaand in aanmerking geneem sal word vir 1981 se sjampanjenooi. Van links na regs staan hulle Carien van Rens-burg (Oosterhof), Ona Neethling (Oosterhof) en Marie Buys van Karlien. Lindi Wolhuter van Vergeet-my-nie kon nie teenwoordig wees tydens die neem van die foto nie.*

# Kampus spog met Ingenieursfakulteit

**— Petro Malan —**

**'n EIE Ingeniersfakulteit op die Puk is die verwesentliking van 'n langgekoesterde ideaal, maar dit is ook 'n dure verpligting wat op ons lê. Dit is die mening van die rektor, prof Tjaart van der Walt.**

Prof Tjaart sê die studente wat hier opgelei word moet wat vakkundigheid betref vir niks en niemand agteruit staan nie. Hulle moet terselfdertyd gekenmerk word deur 'n unieke Puk-stempel van 'n positiewe, blymoedige Christen-Afrikaner gees in murg en been.

Daar is reeds vyftien jaar gelede vir die eerste keer om 'n Ingenieursfakulteit aansoek gedoen. Dit is eers in 1981 deur die Minister van Nasionale Opvoeding, Dr Gerrit Viljoen, toegestaan.

### Graad

Die Ingenieursfakulteit gee die universiteit die reg om die graad 'n Ingenieursgraad te noem. Tot dusver kon slegs 'n BSc-graad vir die kursus toegeken word.

Twee addisionele departemente, Metallurgie en Meganiese Ingenieurswese, word ook toegestaan. Die twee bestaande departemente, Ingenieurschemie en Elektrotegniese Ingenieurswese vorm saam met die twee nuwe departemente 'n fakulteit. Dit is nog 'n beperkte fakulteit wat in die toekoms verder ontplooi gaan word.

In die eerste twee jaar van opleiding kan enige ingenieursrigting gevolg word. Dit word voltyds by die Puk aangebied en deeltyds by die Vaalrivierse tak.

Die Puk kan voortaan volledige opleiding verskaf in die vier belangrikste ingenieursrigtings. Bedryfsingenieurswese word ook vir die toekoms beplan.

### Landboufakulteit

Prof Tjaart sê die volgende fakulteit gaan ongetwyfeld Landbou wees. Dit moet nie maar nog 'n Landboufakulteit wees nie, maar iets spesiaals.

Hy sê die eerste stap is om die dienste wat ons reeds aan die Landbou bied, te konsolideer. Verder moet die belangrikste behoeftes by ons landbougemeenskap geïdentifiseer word. Daar moet ook met die ondersteuningsdienste geskakel word.

Prof Rassie Smit sê 'n Landboufakulteit is die volgende mikpunt, maar dit het nog nie vorm aangeneem nie. Die fakulteit sal in 'n groot mate toegespits wees op die mieliebedryf. Die ontwikkeling van die fakulteit sal afhang van die behoefte daaraan.

# Dirigente word Maandag verkies

**DIE dirigentverkiesing wat op Woensdag 29 April sou plaasvind, is uitgestel na die daaropvolgende Maandag hoewel dit 'n grondwetbepaling is dat die verkiesing ten minste een en 'n halwe week vóór Intervarsity moet plaasvind.**

Die rede hiervoor is dat dit Woensdag Algemene Verkiesingsdag, en Donderdagaand 'n toetsaand is. Na die verkiesing op Maandag, 4 Mei, sal daar op die aande van 5 en 6 Mei "Sing-Songs" gehou word om die Pukke in rat te kry vir die groot gebeure van die Intervarsity-naweek teen RAU.

Die Groot Brag sal op 7 Mei plaasvind. Omdat daar klagtes was dat die Groot Brag in die verlede te lank was, is daar belowe dat dit hierdie jaar nie langer as 'n uur sal wees nie.

Pukke wat vervoerprobleme het, moet nie paniekbevange raak nie — busse na Johannesburg word gereël. Al die verrigtinge vind plaas op die sportstadion en daar sal van studente verwag word om R1 op te dok by die hekke.

● *Sien foto's en beleidsverklarings van dirigente op bladsy 7.*

# Vorms vir NDP's

JAARLIKSE dienspligvraelyste word aan persone wat nog nie diensplig verrig het nie, gestuur om te voltooi.

Aangesien die invul van die lyste baie belangrik is vir die toewysing en aanwending van dienspligtiges, word daar 'n dringende beroep gedoen op studente wat die lyste moet invul om dit noukeurig en met oorleg te doen.

Indien daar enige onduidelikheid bestaan kan studente met kol Van der Walt, by die Buro vir Militêre Skakeling, in verbinding tree.

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater



● *'n Uitstalling van die wêreldberoemde kunstenaar, Christo Coetzee is op 31 Maart deur oud-minister Jimmy Kruger geopen. Die kunstenaar wat by die opening teenwoordig was, het 'n aantal werke aan die PU geskenk. Die PU is in besit van 'n wye versameling van Coetzee se werk wat die ontwikkeling in sy skilderkuns aandui.*

*Christo Coetzee het die werk wat op die foto uitgebeeld word, die middag voor die uitstalling ten aanskoue van die Kunsstudente gemaak.*

(Foto: Frik Schoeman)

## Skrywersgilde oor vervreemding

**— Rudolph Willemse —**

**DIE sewende jaarberaad van die Skrywersgilde is vanjaar van 2 tot 4 Maart te Gordonsbaai gehou. In dié stil hawedorpie is Die Ingrid Jonkerprys aan die Potchefstroomse digter, Prof T T Cloete oorhandig. Na die oorhandiging is 'n boekeveiling gehou.**

Die tema van vanjaar se beraad — wat deur individuele lede van Skrywerskring bygewoon is — was "vervreemding", en hierdie vervreemding het hom op verskeie vlakke gemanifesteer: vervreemding tussen skrywer en leser, skrywer en taal, skrywer en voorskrywer, skrywer en skrywer (jong skrywer en ou skrywer, wit skrywer en swart skrywer), vervreemding en ideologie, vervreemding tussen tale, vervreemding van die woord, vervreemding en verantwoordelikheid.

Ten opsigte van vervreemding en die leser het ds I L de Villiers gestel dat die skrywer deur té esoteries te skryf, die gevaar loop om hom van sy lesers te vervreem. Verder is die kanse tot vervreemding groter by die skryf van poësie en in dié verband is hy van mening dat daar miskien te veel digbundels in Afrikaans is. "Hoor wie praat!" het Jan Rabie raak opgemerk, waarna ds De Villiers voortgegaan het deur te sê "die vertel van 'n goeie storie" moet steeds as basis vir die prosa beklemtoon word. Etienne Le Roux het gesê hy kies nie 'n tema nie, maar die tema kies hom. Hy voel hom een met James Joyce wat gesê het as hy 18 jaar aan 'n boek skryf, kan die leser dieselfde tyd bestee aan die verstaan van die boek. Elsa Joubert het opgemerk dat daar geen plig op die skrywer rus om begrypbaar te skryf nie.

Met kommer is kennis geneem van die vervreemding tussen wit en swart skrywer soos vergestalt in die ontbinding van Johannesburg PEN, weens die mening van swart skrywers dat hulle van hul eie mense vervreem word, omdat hul geloofwaardigheid in die slag bly weens hul kommunikasie met wittes terwyl die aggressie van rassisme voortduur.

Ter sprake was dus twee opvattings oor die letter-kunde: enersyds dat die woordkuns dadig moet wees ter verbetering van sosiale omstandighede wanneer dit vereis word en andersyds die opvatting soos deur Jan Rabie uitgedruk: "Ons is hier om dêm goeie boeke te skryf ..." Dat Afrikaans al hoe meer beskou word as taal van die onderdrukker is duidelik. Elsa Joubert se pleidooi in dié verband was dat pogings deur universiteite en kapitaalkragtiges, wat 'n verantwoordelikheid in dié opsig het, aangewend moet word deur die aanbied van klasse, kursusse aan swart onderwyslui, ten einde die gebrekkige aanbieding van Afrikaans aan swart leerlinge te verbeter.

Die opwindendste "vervreemding" van die beraad was sekerlik dié van die generasie van tagtig. In die woorde van Etienne van Heerden is daar twee gedagterigtings binne tagtig, te wete die eksperimentele (nihilistiese) rigting van Dan Roodt en dan die van die (Kaapse) groep wat die leuse van "terug na die volk" aanhang. Só het Dan Roodt die gevestigde skrywers gekonfronteer met 'n hoogs intellektuele nulteorie.

Chris Pretorius — dramaturg van straatteater en kunsfilm — het dit onomwonde kom stel dat hy ook vervreemd is, maar dat hy nie weet of hy van die regte dinge vervreemd is nie. Hy wil rebelleer, maar hy kon nog nie "uitfigure" waarteen nie. Verder weet hy eintlik ... van letterkunde af, omdat hy nog net per ongeluk Dan (Roodt) se bundel, en eenkeer 'n artikel van André Brink gelees het, "omdat hy altyd so belangrik op sy foto's lyk". Die gevestigde skrywers het meestal emosioneel gereageer, prof Brink uitgesonder, wat knap aangetoon het dat die nul nie nuut is nie, dat hulle juis fouteer deur aan die nul inhoud te wil gee, soos blyk in Dan Roodt se verwysing na die Franse letterkunde.

### Prof Brink

Hoewel die pers in sekere berigte snedig gereageer het teen die bymekaarkom van die broeders in die skryfkuns, teen die "angry young men" wat nou middeljarig om wynglasies vergader, wat tradisioneel skop — nou met minder vuur en belangstelling — teen sensuur en vir die vrylating van Breyten Breytenbach, sonder resultate, het hierdie beraad aan die lig gebring juis hoe belangrik kommunikasie binne vervreemding is.

## Orrelkonsert

DIE Musiekvereniging bied op Donderdag, 14 Mei om 20h00 'n konsert aan waarin Daleen Kruger sal optree. Die konsert vind plaas in die orrelsaal van die Konservatorium.

Daleen Kruger sal werke van Bach, Mendelsohn en Litez voordra. Dit is duidelik dat die werke wat gespeel word 'n groot tydperk in die musiekliteratuur dek.

Mej Kruger vertrek in September vanjaar na Europa vir haar M Mus-studies.

## Poësiekompetisie

**DIE Wapad bied vanjaar weer 'n poësiekompetisie aan. Die sluitingsdatum is 22 Mei 1981. Ná die sluitingsdatum sal geen gedigte meer aanvaar word nie.**

Die reëls van die kompetisie is soos volg:

— Die deelnemers moet studente van die PU wees.
— Elke deelnemer kan meer as een gedig inskryf, maar die maksimum per deelnemer is vyf gedigte.
— Van elke gedig wat ingeskryf word, moet daar vier kopieë wees, waarvan een kopie die naam en adres van die digter bevat. Die ander kopieë moet anoniem gelaat word.
— Die prysgeld vir die kompetisie is: Eerste prys: R50; Tweede prys: R20; Derde prys: R10.
— Alle inskrywings moet gepos word aan Die Wapad, SSR, PU vir CHO, Potchefstroom of dit kan geplaas word in die Wapadposbus (13) by die Inligtingsburo. Die koeverte moet egter duidelik geadresseer wees Poësiekompetisie.
— Redaksielede van Die Wapad mag aan die kompetisie deelneem.
— Gedigte wat vir die kompetisie ingeskryf word, mag nie voorheen in 'n nasionale publikasie verskyn het nie.
— Gedigte wat die eerste vyf plekke verower sal in Die Wapad gepubliseer word.

● Resensie

## *Ne-sie-ketel-et-skink*

**— Riëtte Swanepoel —**

**'n LEWENDIGE vertolking van gewilde liedjies laat die gehoor sommer onmiddellik tuis voel by hierdie sjordé. Die gehoor word briljant hanteer deur Thea Cloete, en ook later by die sang betrek. Dit is oor die algemeen 'n ontspannende, ligte stukkie vermaak.**

Sang en dans word gemeng om ook vir visuele vermaak te sorg. Veral die vertolking van Vincent is baie opgeluister deur Kobus Mouton se dans. Die dans het veral in hierdie geval baie bygedra tot die suksesvolle vertolking van die lied. Ook die lewendige diskodansie by Bye Bye Love het 'n nuwe dimensie aan die liedjie gegee.

Die invoeging van Kersnag by die program is 'n byna skokkende afwisseling. Die vertolking is oorspronklik en professioneel uitgevoer, maar die verhaal het nie vir my by die atmosfeer van die res van die program gepas nie. Dit het 'n ongemotiveerde breuk in die gang van die program veroorsaak. Op sigself is dit egter goed uitgevoer en die goeie beligting het die bisarre bewegings goed aangevul.

Die program slaag daarin om ligte vermaak aan die gehoor te verskaf en hulle in die regte bui te plaas om die res van die dag se klasse te geniet.

GROOTHANDEL-PRYSE!!
KIES U EIE DIAMANT EN SIT DIT IN 'N RING VAN U KEUSE
GROOT VERSKEIDENHEID JUWELIERSWARE



HENNIE KOTZÉ
CREDO
JUWELIERS/JEWELLERS
LEWIS DEURLOOP/ARCADE TEL. 2-1685 KERKSTRAAT 133

Milady's
INVITE YOU .....
on 1 May '81 at 11am. 1pm. to join us for a friendly get-together. A selection of our latest fashion arrivals will be presented, and refreshments will be served.
Manager: Mrs. M Von Molendorf
Senior Saleslady: Mrs. F v.d. Berg.

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
DIENS IS ONS TROTS
Boutique DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits

# PUK sorg vir sy studente

**DIE Puk bied jaarliks finansiële hulp aan sy studente. Dié feit blyk uit die April-verslag van mnr P J C Venter, die Direkteur van Finansies.**

Die merietebeurse word verdeel in nege kategorieë. Vanjaar is 122 beurse toegeken aan hoofseuns en -dogters. In die eerste jaar ontvang kandidate R200 en in die tweede jaar R100. In 1980 het 51 eerstejaarstudente die beurs ontvang en in 1981 is dit aan 71 studente toegeken. Sover is die totale bedrag R19 300.

104 Reisbeurse is reeds aan eerstejaars toegeken. Dit word toegeken aan studente wie se ouerhuise ver van die Puk is. R10 400 is al hier voor uitbetaal.

Eerstejaarstudente wat onderskeidings of B's behaal het, kom in aanmerking vir 'n beurs van R75 per vak. 'n Onderskeiding of twee B's word beloon met R75. Daar is reeds 450 beurse toegeken.

Senior studente moet 'n gemiddeld van 75 persent vir alle vakke behaal, Wetenskapsleer uitgesluit, om te kwalifiseer vir 'n beurs van R400. Daar is vanjaar 132 beurse toegeken.

'n Kultuurbeurs vir eerstejaars is aan twaalf studente toegeken. Deelname aan redenaarskompetisies, ATKV-kompetisies en toneeldeelnames is kwalifiserende faktore.

Die Rapportryersbeurs is 'n prestige-beurs wat 'n kandidaat se volle klasgelde betaal vir sy volle studieloopbaan. Die wenner van die Rapportryers se debatkompetisie kry hierdie beurs. E de Koker, 'n tweedejaarstudent, is vanjaar 'n kandidaat hiervoor.

'n Beurs waarop die Puk baie trots is, omdat dit die enigste universiteit is wat só 'n beurs toeken, is die beurs vir fisies gestremdes. Vyf studente het vanjaar elkeen R1000 ontvang.

Nasionale dienspligtiges wat presteer ontvang ook beurse. Vanjaar is so 'n beurs aan E Oosthuizen vir toneelspel en 'n eersteklas in 'n weermagkursus toegeken. A Wentzel het 'n beurs ontvang vir 'n eersteklas in 'n offisierskursus.

Hieruit is dit duidelik dat die Puk vir sy studente sorg. 'n Totale bedrag van R221 550 is reeds tot Aprilmaand uitbetaal vir merietebeurse aan honneurs- , magister- en doktorale studente, asook aan personeel.



● *Prof J C Coetzee, kapelaan van die Potchefstroomse Universiteit se militêre eenheid en rektor van die Teologiese skool, brigadier J S du Plessis, Vise-rektor van die Universiteit, prof Tjaart van der Walt, ere-kolonel van die eenheid en Rektor van die Universiteit, en kol P J van der Walt, bevelvoerder van die eenheid, afgeneem tydens die onthaal wat prof Van der Walt Dinsdagaand vir lede van die eenheid aangebied het. Prof Du Plessis beklee tans die hoogste rang van alle persone verbonde aan die Universiteit. Hy is egter nie verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit se militêre eenheid nie, maar dien in die personeel van die Hoof van die Weermag.*

**(Foto: Potch Herald)**

## Rabali ontvang Th.M-graad

**PROPONENT Tshintangoni Christopher Rabali, 'n swart teologiesestudent, ontvang dié week sy Th.M-graad. Hy het voltyds aan die Puk studeer en het sy graad met 'n onderskeiding behaal.**

Die onderwerp van sy verhandeling is "Die Apostelmotief, met besondere verwysing na die Apostelskap van Christus in die Evangelie van Johannes". Sy studieleier was prof J C Coetzee. Hy het reeds ingeskryf vir sy doktorsgraad, maar moet nog die onderwerp van sy verhandeling kies.

Hy het beroepe ontvang na Soweto, Pretoria en Noordbrug. Hy oorweeg een van die beroepe en sal dan deeltyds vir sy doktorsgraad studeer.

Ten opsigte van politiek voel hy sy roeping lê eerder daarin om mense voor te berei in die politiek, as om self 'n politieke figuur te wees. Hy sê SA het baie politieke probleme wat nie in een dag opgelos kan word nie.

Hy het, afgesien van sy Th.M-studies ook sendingwerk by Ikageng en Boskop gedoen.

Proponent Rabali het sy BA-graad te Hammanskraal deur Unisa gedoen. Sy Th.B.-graad het hy ook by Hammanskraal verwerf, waar die Hammanskraalse professore as interne eksaminatore en die van Puk se Teologiese Skool as eksterne eksaminatore, optree.

## Administrasiegebou

**Die boonste vloer word op 11 Mei betrek, en dit sluit die volgende afdelings in:**

Finansies (gedeeltelik), Personeelafdeling, Buro vir Voortgesette Onderwys.

Die middelste vloer word op 12 Mei betrek en dit behels die volgende afdelings:

Bestuurskomitee, Interne Oudit, Vergaderingsadministrasie, Fondswerwing, Openbare Betrekkinge, Kampusdienste.

Die grondvloer word op 13 Mei betrek en dit sluit die volgende afdelings in:

Finansies (gedeeltelik), Studentiburo, Fakulteitsadministrasie, Posafdeling, Eksamenafdeling.

In die volgende uitgawe van Die Wapad verskyn 'n bylaag oor die nuwe Administrasiegebou.




MISSION – Mission range of speakers 710, 720, 730, 770; Best British craftmanship; Natural tonal quality; Can handle all types of musical programmes; High power handling a special feature.



M&K (Miller & Kreisel). From the U.S.A. – The satellite-Volkswoofer system. A new concept in speakers. Handles up to 400 watts unclipped musical peaks. The Satellite 1 may be connected to provide six distinctive sound variations. The subwoofer handles clean bass to below 20 Hz.

Permostat
anti-static record preservative

JUST ONE APPLICATION OF Permostat ELIMINATES STATIC FOR THE REST OF YOUR RECORD LIFE TOTALLY AND PERMANENTLY




ma Micro-Acoustics



M. A. FRM - 3 AX (Micro Acoustics) – Not only the best value for money but the best performer in its price range. 80 watt rms into 8 ohms handling 33 Hz; 20khz adjustable tweeter for reflected sound; Twin ducted ports on opposite sides of woofer; 10 YEAR GUARANTEE.

Verkrygbaar by SPEED-O-SOUND Winkel 40, Indiërsentrum, Tel: 7004

die WAPAD

### Sjampanjenooi

Net soos die tromppoppies, is die sjampanjenooi 'n advertensie vir die Puk. Sy moet met die publiek skakel en sorg dat hulle 'n goeie indruk van die Universiteit kry. Sy moet dus oor 'n innemende persoonlikheid beskik, oor alles en nog wat vlot kan praat, goed versorg wees en haar uiterlike voorkoms moet 'n lus vir die oog wees.

Van bogenoemde vereistes word net die eerste drie as kriteria gebruik by die beoordeling. Die koshuise wat die kandidate genomineer het, het gelukkig die inisiatief geneem en die laaste vereiste in ag geneem met hulle nominasies.

Net soos persoonlikheid 'n gawe is, is skoonheid ook. As daar dan besluit moet word wie die beste gawes vir 'n sekere taak het, moet dit in sy volle konsekwensie deurgevoer word. Anders moet 'n sjampanjenooi nie gekies word nie.

### Eerstejaars kry baadjies

Die SSR het besluit dat eerstejaarstudente voortaan direk na die bros-eksamen kleurbaadjies mag aanskaf. Voorheen is hulle toegelaat om die sg. "eerstejaarsknopie" te dra vir die res van die jaar, en kon hulle eers in die volgende jaar 'n baadjie koop.

Dit is goed dat die SSR nou ook daadwerklik die inisiatief neem in die pogings om "oriëntering" en die diskriminasie wat dit meebring stop te sit. So word die nuwelinge dadelik as volwaardige Pukke ingeskakel sonder dat die prestige van Puk-kleure wat deur die bros-eksamen gewaarborg word in die slag bly.

### Ingenieursfakulteit

Die Puk is na 'n lang tyd weer deur die owerheid vereer deur die toekenning van 'n Ingenieursfakulteit. Behalwe dat Ingenieursstudente nou volle erkenning kry vir hulle studie, kry die Universiteit ook meer aansien.

Die volgende rigtings waarin die Puk seker sal werk is landbou (daar is reeds 'n landboukollege op Potchefstroom; en hierdie landboustreek het 'n groter voedingsbron nodig wat navorsing doen en onderrig gee met inagneming van die eiesoortige karakter van die streek), medies (Farmasie en Verpleegkunde bied reeds kursusse aan wat aansluiting vind by medies) en wie weet — dalk politieke wetenskappe?

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
Boodskappe kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30

**Psalm 73:28 a "Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby my God te wees"**

**Psalm 73 beskryf die groot raaisel wat sekerlik elke Christen te beurt val: Hoekom gaan dit so goed met hulle wat ver van God lewe?**

Dit gaan goed met hulle wat nie skroom om onreg te doen nie, elke gebod van God oortree en aan God hulle nie steur nie.

Hulle lewe is voorspoedig, hulle word al hoe ryker — hulle oë peul uit van die vet (vers 7). Onbesorg lewe hulle in oorvloed. Die ergste is dat hulle die Gewer van die lewe in hulle voorspoed laster: hulle toon geen dankbaarheid nie — deur hoogmoed en geweld laster hulle teen God.

En hulle kom weg daarmee. En dit terwyl menige christen gebuk gaan onder sorge. 'n Gebrek, siekte, armoede, 'n onaansienlike posisie in die samelewing. Hierdie raaisel is ook deel van ons kampuslewe.

Wat is die oplossing? Geen direkte oplossing word gegee nie, maar daar word op twee waarhede gewys: Die eerste: Die voorspoed van die wat ver van God af lewe het 'n skielike, verskriklike einde (verse 18-20). Hulle einde is soos hulle lewe: sonder God. Die tweede: Goed is dit om naby God te wees. (vers 28).

Wat beteken dit vir ons? Die eerste: Ons moet verder kyk as die hier en die nou en in afwagting op die wederkoms van die Here lewe. Die tweede: Die Blye Boodskap is dit: God het in die genade na ons gekom. Ons kan nou naby met God lewe.

Jou welstand word nie gemeet aan jou voorspoed, jou gesondheid en jou vooruitgang nie — nie aan die dinge wat met jou gebeur nie maar aan die plek waar jy staan — by God of weg van Hom. Moenie na jou omstandighede kyk nie — as alles verkeerd loop dan gaan dit nog goed as ek naby God is. Hierdie situasie is vir die ongelowige 'n raaisel.

Moenie in voorspoed trots jou eie weg gaan nie. Moenie in teëspoed moedeloos word nie. God trek jou deur al hierdie beproewings nader want by Hom gaan dit goed met jou.




# Nie-blanke studente is nie vir kontak nie

**— Riëtte Lessing —**

**BLANKE studente-organisasies se pogings om met die nie-blanke jeug en veral nie-blanke studente kontak te maak, behaal weinig sukses omdat nie-blanke studente nie begerig is om met blanke studente kontak te maak nie.**

Dit blyk uit 'n gesprek met leiers van studente-organisasies wat spesifiek kontak tussen rasse probeer bevorder, en prof. P.J.J.S. Potgieter van die Departement Staatsleer.

Awie Verhoef, SSR-lid vir ASB, het met dié stelling saamgestem. Volgens hom word daar wel kontak met nie-blanke universiteite gesoek, deur skakeltoere en aktualiteitskonferensies te organiseer. In Meimaand vind só 'n konferensie met Inkhata se jeugbeweging plaas. Die ASB skakel met hierdie groepe as Afrikaners, want volgens hom kan identiteitlose skakeling nie suksesvol wees nie.

Sy persoonlike mening is dat skakeling met veral die Afrikaner vermy word. Hy sê dit is omdat die Afrikaner oorwegend die beleidmaker van die land is, en hulle as nie-blankes daagliks die praktiese uitvoering daarvan voel. Wanneer die Swartman rebelleer, is dit moeilik om te onderskei tussen Swart nasionalisme en kommunisme.

Teenkanting was ewe sterk aan die kant van die Kleurlinge en Afrikaners, toe die moontlikheid ontstaan het dat Kleurlinge by die ASB sou inskakel. Kortom, die ASB se deure staan oop vir skakeling, maar die nie-blankes staan gewoonlik antagonisties daarteenoor.

John Potgieter, voorsitter van Polstu, sê dat hulle goeie skakeling met die nie-blanke jeug het, maar nie soseer met die nie-blanke studente nie. Skakeling met die studente word bemoeilik omdat die massa voel dat skakeling met die blanke 'n 'geheul met die vyand' is, en dat dit op niks kan uitloop nie.

Volgens hom sal nie-blanke universiteite hulself isoleer indien hulle kontak algeheel vermy, aangesien dit op niks kan uitloop nie.

Dr. P.J.J.S. Potgieter van die departement staatsleer, meen dat die probleem dieperliggend is. In die verlede is Swart akademici gevra om lesings te lewer. Swak verskonings is dan aangebied maar later het dit geblyk dat hoewel hulle dit graag sou wou doen, druk deur die samelewing op hul uitgeoefen is. Hulle word daarvan beskuldig dat hulle hulle met 'n saak van 'n ander volk vereenselwig. Swartmagdenke maak kontak met blankes onwenslik.

Hierdie sogenaamde Swartmag-filosofie geld op alle terreine van die swart samelewing. Dit word in hul skole, kerke en universiteite verkondig. Hulle kom in opstand teen die Wit kultuur en al sy simbole. Hierdie Swartmag wil die land alleen regeer en die blanke word in hierdie beskouing uitgesluit.

Ook die Witmag-filosofie word op alle terreine van óns samelewing verkondig. Ons wil die nie-blanke ekonomies betrek maar polities afstoot.

Dr. Potgieter meen dat dit belangrik is dat die blanke hiervan moet kennis neem, veral in sy onderhandelinge met die nie-blanke student.

Hy sê verder dat 'n Christen hom nie by een van dié magte mag skaar nie, maar hierdie uiterstes te bowe moet kom en 'n ander weg vind.

## Probleme kortwiek SGD.

**SGD kla hulle het te min plek en te min vervoer om projekte mee aan te pak.**

Hulle het maar net 'n kleinerige kantoor in die Studentesentrum. Hierin moet drie organiseerders en 'n voltydse sekretaresse gehuisves word. Hulle het reeds aansoek gedoen om 'n groter ruimte. SGD verwag om met die opening van die nuwe administrasiegebou te verskuif na die huidige kantoor van mnr. Claas Oosthuizen.

Projekte het in die laaste tyd uitgebrei terwyl 'n groot tekort aan vervoer ondervind word. Daar is onlangs weer 'n nuwe motor aangekoop, maar dit vul net 'n klein gaping.

## Kursusse

GEDURENDE die Julievakansie gaan 43 lede van die Puk se militêre eenheid, bekwamings- en bevorderingskussusse bywoon.

Die kursusse word by opleidingsinr ings oor die hele land . angebied en duur ongeveer vier weke.

As daar nog lede is wat aansoek wil doen om dit by te woon, kan maj(prof) F. Venter, in kamer 9 in die die ou Hoofgebou, gekontak word.

# Plakkate net wettig op sekere plekke

**DIE SSR oorweeg dit om 'n kennisgewingbord met skuifbare letters in gebruik te neem. Indien daar finaal daarop besluit word, sal dit voor einde April gebruik kan word. Volgens Lukas van der Merwe, SSR-lid vir PU-kleure, reklame en toere, gaan dit gebruik word om studente in kennis te stel van kampusaktiwiteite. Dit kom in die plek van die talle strooibiljette en gaan onkostes heelwat besnoei.**

## PLAKKATE

Volgens Lukas mag geen plakkaat sonder die SST-stempel op die kampus verskyn nie. Om so 'n stempel te bekom moet plakkate in Lukas se posbus in die klein sitkamertjie geplaas word. Dit kan daarna weer by die SSR-sekretaresse afgehaal word. Plakkate mag net op die volgende ses plekke aangebring word: alle kennisgewingsborde, in die duikweg, kennisgewingborde en die ronde pilare by die Studentesentrum, kennisgewingsborde in Fakulteit-geboue en in die Biblioteek.

Plakkate wat voortaan sonder 'n stempel op 'n ongemagtigde plek gevind word, se eienaar gaan beboet word.

## TOERE

Daar is nou 'n standaardaansoekvorm vir toere by die sekretaresse beskikbaar. Die toerleiers moet die reglement bestudeer want hierdie metode is die enigste manier om 'n toer te loods. Die vorm moet drie weke voor die toer begin ingevul wees. Daarna word die vorm na die raadsvoorsitter waaronder die toergroep val, geneem. Na hierdie goedkeuring word dit aan die SSR voorgelê. 'n Finale besluit word in verband met die toerouers geneem en dan kan die toer greël word.

Na afloop van die toer moet die SSR-verteenwoordigers 'n standaardverslagvorm invul en onder andere vermeld in watter toestand die bus agtergelaat is.

## BROSBOEK

Die huidige brosboek bevat veel gegewens en die werk vir die broseksamens is te veel, daarom word 'n nuwe brosboek oorweeg.

Wanneer 'n student nie broseksamen geslaag het nie maar 'n kleurbaadjie benodig, moet daar met Lukas gereël word vir 'n mondeling. Enige persoon wat die eksamen geslaag het en bewys daarvoor het, mag 'n kleurbaadjie koop.

Hierdie bewys is verkrygbaar by die sekretaresse by die SSR-kantore.



*● Jack Momberg, die spysenier in die kafeteria van die Studentesentrum, verhuis na Kaapstad. Hy is in 1979 aangestel as spysenier in die kafeteria. Jack groet al die Pukke en sê dankie vir almal se vriendelike ondersteuning.*

# Praktiese toer interessant vir Geografie-III-Studente

**MET die aanbreek van die Aprilvakansie het 25 Geografie III-studente saam met prof Hugo, mnr Van Brakel, die departementshoof, en mnr Schmidt op 'n interessante toer vertrek. Dit het deel uitgemaak van die studente se praktiese werk.**

Eerstens is Amajuba besoek. Die groep het die berg uitgeklim, perd gery en in die aande speletjies gespeel. Daarna is besoek ook gebring aan die Natal-spa en Bloedrivier. Voorts is die studente na Newcastle, waar hulle in die karavaanpark gebly het. Hier het die studente 'n industriële opname vir Newcastle se munisipaliteit gedoen. Hulle is met vraelyste na die nywerhede toe, en is orals vriendelik ontvang.

Aan spangees en pret het dit ook nie ontbreek nie. So het "iemand" die mans se broekspype toegewerk, terwyl die dames 'n paar glibberige paddas in hul slaapsakke ontdek het!

Die groep het op 15 April teruggekeer. Op pad terug is eers 'n draai by die Tugela-waterskema gemaak. Hierdie skema word nog ontwikkel, maar wek reeds krag op.

Sanet Laubser, een van die studente, sê dat dit baie leersaam was. Die studente het waardevolle ondervinding opgedoen, en weet nou hoe dit voel om onderhoude te voer en in die praktyk navorsing te doen.

# Veldskool as deel van Onderwyskurus beskou

**ONDERWYSSTUDENTE van die Puk woon vanjaar vir die eerste keer 'n veldskool by. Dié veldskool word as deel van die HOD-kursus beskou.**

Sowat 160 studente van die departement Opvoedkunde het op 23 April 1981 vir 'n week lange uitstappie na 'n veldskool op Graskop vertrek.

Die departement Opvoedkunde het op aanbeveling van die Transvaalse Onderwysdepartement op dié uitstappie besluit.

Studente van onder meer die Johannesburg College of Education en die Goudstadse Onderwyskollege het al soortgelyke veldskole bygewoon. Volgens mnr. J.L. Marais van Opvoedkunde is dit die eerste keer dat onderwysstudente van die Puk so 'n veldskool bywoon.

Die veldskool word gesien as deel van die vak Onderwyspraktyk. Tydens die veldskool word studente voorberei om later as onderwysers skoolkinders na sulke veldskole toe te vergesel. Dit gee aan hulle ook 'n goeie idee van hoe kinders só 'n veldskool sal ervaar. Dit is dus belangrik vir die effektiewe opleiding van toekomstige onderwysers.

Hoewel die programme van die verskillende veldskole nie presies dieselfde is nie, sluit dit meesal die volgende in: godsdiensbeoefening, primitiewe kampering, kaartlees, groepsbesprekings en 'n nagmars.

Temas wat bespreek word, is die natuur en Skepping, leierskap, menseverhoudinge en groepsdinamika.

Hoewel die veldskool eintlik verpligtend is, hoef lede van groepe soos Alabama en die PU-koor, wat tans baie hard oefen, dit nie by te woon nie. Ook getroude studente en diegene met gesondheidsprobleme, byvoorbeeld hartlyers, is nie verplig om te gaan nie.

Mnr. Marais het gesê hoewel talle studente nie kon gaan nie, was die meeste baie geesdriftig om die veldskool by te woon.

Mnr. Marais is een van die dosente wat tans saam met die studente die veldskool bywoon. Ander dosente is prof. L. Calitz en dr. J.L. de Monteith van Opvoedkunde en mej D Potgieter van die departement Liggaamlike Opvoedkunde.

# Nuwelinge wat bros slaag kry hul PU-drag

**EERSTEJAARS wat die broseksamen geslaag het, mag nou hulle eie Puk-baadjies aankoop.**

Die SSR het die mosie Donderdagaand 23 April aangeneem. Dit sou die dra van die Puk-baadjie bevorder, aangesien eerstejaars die baadjie eerder na die broseksamen sal aankoop, as in die begin van hul tweede jaar.

Die draer van die kleure moes hom/haarself bewys as student en nie die kleure goedkoop maak nie. Die SSR meen dat 'n persoon wat die onkoste aangaan om die baadjie te koop, dit uit lojaliteit doen en nie om dit goedkoop te maak nie.

Dit was 'n oriënteringsmatreël wat nou in stryd met die nuwe oriënteringsbeleid is.

Liana Kirsten, 'n BA-student sê eerstejaars sal nou meer voel dat hulle deel is van die PUK. Die feit dat hulle nie baadjies mag gedra het nie, het hulle laat uit voel. Sy dink die meerderheid eerstejaars sou die wysiging verwelkom.

'n Posbus wat ook seëls, verskaf, gaan moontlik in die Studentesentrum aangebring word. Fielies Kotze het met die poskantoor onderhandel, maar dit sal nog 'n ruk duur voordat dit aangebring word.

# Hernuwing vir kampus wassery

**SOWAT 12 000 lakens en 6 000 kussingslope is vanjaar vir R100 000 deur die Puk aangekoop. Die groot linne-aankope is deel van die hernuwingsprogram vir die wassery van die Puk.**

Daar is gevind dat die ou wassery onekonomies was. Dit het met duur dieselbrandstof gewerk. Die hoë koste daarvan is by die studente se losiesgeld bygevoeg. Volgens mnr Dirk Coetzee van Koshuisadministrasie het die studente as't ware die wassery in stand gehou.

Die wassery is intussen gemoderniseer. Tans word stoomverhitting gebruik en nie meer dieselbrandstof nie. Die proses is verder vergemaklik met die aankoop van die nuwe sintetiese lakens wat nie gestryk hoef te word nie. Daardeur bespaar die Universiteit ook baie.

Mnr. Coetzee het gesê studente hoef nie bang te wees dat die geld vir die nuwe lakens uit hulle sakke kom nie. Dit is uit reserwekapitaal voorgeskiet. Die geld sal binne sowat vyf jaar, deur besparing met die nuwe wasserystelsel, verhaal word.

Op die nuwe lakens is 'n PU vir CHO-motief gedruk. Volgens mnr. Coetzee sal die motief op die lakens daartoe bydra dat die lakens makliker as die eiendom van die Universiteit herken kan word. Dit laat die lakens ook meer aantreklik lyk. Omdat die nuwe lakens mooier as die oues is, sal die studente dit hopelik nie so maklik beskadig soos die ou katoenlakens nie.

Die ou katoenlakens word tans gegradeer. Daarna sal dit aan skole, ouetehuise en lede van die publiek verkoop word. Ook die ou wasmasjiene, droërs en stryktoerusting sal verkoop word.

# Seëls nou in SS

'n Posbus wat ook seëls verskaf, gaan moontlik in die Studentesentrum aangebring word. Fielies Kotze het met die Poskantoor onderhandel, maar dit sal nog 'n ruk duur voordat dit aangebring word.





CULPEPER COSMETICS

Word gereken onder die beste in die wêreld — gemaak van natuurlike olie, geursels en plantekstrakte wat onderskryf word deur die Vereniging van Kruiekenners in Engeland.

'Die volledige reeks is beskikbaar by

EV'S PLACE

'Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie."

Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)



Tina Schöltz

Skoonheidsterapeut en Grimeerkunstenares.



Arkade Apteek, Edgars Gebou,

Tel.: Werk: 8543 — Woning: 6523

Kerkstraat, Potchefstroom

We give free consultations on all skin and figure problems.






STUDENTE!

Kom open nou rekenings sonder deposito




**Bussie 13**
**Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Feite reggestel

**Meneer**

Ek wil graag hiermee 'n paar regstellings maak na aanleiding van die berig wat in die uitgawe van DIE WAPAD twee weke gelede verskyn het onder die opskrif "Aptekerstoekoms is donker".

Dit is vir my duidelik dat u verslaggeefster ietwat in die lug getas het met haar feite en gevolglik weerspieël die berig nie die ware boodskap van mnr Trevor Sirakis, President van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudente-federasie, se toespraak nie.

Aptekers het nog nooit aan pasiënte hul medisyne voorgeskryf nie. Hierdie funksie is nog altyd deur die geneesheer verrig. 'n Apteker mag wel skedule 1 en 2 preparate sonder voorskrif uitgee, maar dié posisie bly onaangeraak.

Die beginsel van Kliniese Aptekers is die doelwit van die rigting waarin die professie tans gestuur word — dit is 'n meer pasiëntgeoriënteerde apteker wat ons graag in die toekoms sal wil sien. Tans bestaan daar nog nie "Kliniese aptekers wat medisyne voorskryf" soos daar in die berig beweer word nie.

Die kwessie betreffende salarisse het spesifiek na die kwekeling-apteker verwys. 'n Kleinhandelapteker werk tog immers vir geen salaris nie — hy bestuur sy eie besigheid en is dus direk verantwoordelik vir sy eie inkomste.

Die vraag wat by aptekers ontstaan is definitief nie of dit die moeite werd is om so lank te swot nie — wel of ons die regte opleiding in alle opsigte het in die beroep wat ons gaan beoefen. Dit is veral oor hierdie laaste aspek wat mnr Sirakis se toespraak gehandel het.

Ek vertrou dat ek hiermee die wanindruk wat die berig geskep het, bevredigend uit die weg kon ruim.

**André Compion (Voorsitter, Potchefstroomse Aptekerstudentevereniging)**

## Sportborg

(Vervolg van p 8)

raadvergaderings sal die strokies ingehandig word om kontrole te hou oor die koshuise se petrolaankope.

Aan die einde van die termyn sal die koshuise 'n sesde sent per liter ontvang. Om in aanmerking te kom vir die prys moet koshuise 'n minimum van R20 se petrol per inwoner ingooi.

Die res van die geld word in die nuwe oorkoepelende sportliga se fonds geplaas. Dié sportliga word bepaal deur die koshuis wat pro rata die meeste Puk-sportmanne en -vroue het. Die liga sal naas die huidige oorkoepelende sportliga geskied.

# Wat het geword van Cine-Puk?

**Meneer**

Wanneer ek deesdae aan Cine-Puk dink, voel dit of ek terugdink aan die goeie ou dae. Wat het van Cine-Puk geword?

Sedert die helfte van 1980 het dié vereniging nie meer na buite gefunksioneer nie. Dat die vereniging nog bestaan blyk daaruit dat die vereniging se naam nog in die sakboekie verskyn en ook op die lys met kultuurverenigings wat aan die eerstejaars uitgedeel is.

Die opening van Kine 1 en Kine 2 kan miskien iets met die toestand van sake toe doen hê, maar ek wonder tog hoe gemotiveerd dit is. Hoe heerlik was dit nie om 'n goeie fliek vir net 50 sent te sien en ook nie met vervoer te sukkel nie.

Die fliekaande in die Totius was gesellige aande waar mens bekendes raakgeloop het, geselsies kon aanknoop, kon fluit as iets "sensasioneels" gebeur en sommer net student kon wees.

Boonop het mens die geleentheid gehad om 'n fliek wat jy misgeloop het of so geniet het dat jy dit weer wil sien, te sien.

Bring Cine-Puk terug!

**M Fourie**

# Reünie vir Stilfonteiners

**Meneer**

Op 'n vergadering van oud-leerlinge, gehou in die skoolsaal van die Stilfonteinse Hoërskool op 25 Februarie 1981, is die volgende besluit:

'n Reünie van alle oud-leerlinge en -onderwysers van die Stilfonteinse Hoërskool sal gehou word op Vrydag 4 en Saterdag, 5 September 1981. Ons skool word mondig in 1981 en ons wil dit graag vier.

'n Kaas-en-wyn-onthaal word beoog vir die Vrydagaand en 'n dans in die Strathvaal Rec. Club. Saterdag se funksie sal die vorm aanneem van boeresport en 'n osbraai.

Dus, die reünie het 'n werklikheid geword! Danksy u almal se samewerking met ons poging om name en adresse van oud-leerlinge en oud-onderwysers te bekom.

U is hartlik welkom om albei funksies by te woon of net een van die twee indien u dit so sou verkies.

Die koste verbonde aan die reünie beloop R30,00 vir albei funksies per paar. R10,00 per paar vir die Kaas-en-wyn en R20,00 per gesin vir die osbraai. Ons wil dit graag beklemtoon dat u hartlik welkom is om u kinders saam te bring na Saterdag se verrigtinge.

Indien daar enige oorskotfondse sou wees na afloop van albei funksies beoog ons om dit in die skoolfonds te stort, maar daaroor sal ons weer besluit tydens die naweek se gebeure, waar u die geleentheid sal kry om u mening hieroor uit te spreek.

Ons sou graag probeer reël vir verblyf vir die naweek indien daar van u is wat sou wou kom, maar probleme met verblyf het.

Skakel mnr Sakkie van Niekerk by telefoon 018—8-3135 na ure, om reëlings in dié verband te tref.

**Piet Venter**

## Briewebus

**DIE WAPAD kan ongelukkig nie briewe plaas wat nie van die volle naam en adres voorsien is nie. Ons kan dus die brief van Adél nie publiseer nie. Sodra ons van die nodige inligting voorsien is, kan dit geplaas word. Lesers mag skuilname gebruik, maar moet ook hul name en adresse verskaf.**

**— Red.**

# SGD-sportmanne in Julie na Kavango

**'n SGD-toerspan gaan in Julie na die Kavango in SWA.**

'n Uitnodiging is van die sportorganiseerders van die swart skole in die Kavango-streek in SWA ontvang. Hierdie uitnodiging is gerig aan die netbal- en sokkerspan van die plaasskole in Potchefstroom. 'n Toer word dus met hierdie twee spanne in die Julie-vakansie onderneem. Die Weermag het ook die waarde van so 'n toer ingesien en die spesiale toegewing gemaak dat alle mansstudente wat saam toer en wat reeds hul diensplig voltooi het, hul volle soldy sal ontvang en dat die toer ook terselfdertyd gereken sal word as 'n maandkamp.

Verder word daar nog baie studente benodig om te help met sport- en akademiese hulp. Om Potchefstroom is daar sowat 45 plaasskole met 'n leerlingtal wat wissel van 40 tot 300. Die kwalifikasies van die onderwysers en onderwyseresse is baie laag — meestal tussen standerd agt en matriek.

Plaasskoleprojek het hier die groot behoefte gesien, en kursusse word jaarliks gereël. Verlede jaar was daar 'n somerskool vir onderwyseresse waar daar op akademie, kuns, sport en sosiale bedrywighede gekonsentreer is.

Tydens die Julie-vakansie word 'n winterskool vir swart skoolseuns gereël. Die reaksie van die leerlinge is oorweldigend en die enigste probleem is onvoldoende huisvesting, wat verhoed dat 'n veel groter aantal leerlinge die kursus kan bywoon.

Studente gaan een keer per week na die skole waar daar gehelp word met die afrigting van sokker, netbal en atletiek. Hierdie aspek van die projek is al sover ontwikkel dat 'n interskole-atletiekbyeenkoms 'n jaarlikse instelling geword het. Die onderwysers doen hier ook ondervinding op en daar word gepoog dat hulle in die toekoms self sulke byeenkomste kan reël.

'n Laaste afdeling van die bedrywighede van hierdie projek is skyfies, films en video-opnames wat oor naweke vertoon word en waar die hele gesin teenwoordig is.

**Jay's Uitrusters**
Nuwe voorrade (pas ontvang)
*Hang Ten*
*Tractor stewels*
*Denims*
*Koordferweel*
Beste pryse in die dorp!
Winkel 4, Indiërsentrum, Tel: 8791

**Bult Apteek**
en Medisynedepot
Ons voorsien:
- Naturemade
- Toiletware
- Asook Revlon, Yardley, Old Spice ens.
Tomstraat 88b, Tel. 25344/5

NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.
Met 'n spoggrootte 520 dm³ bagasiebak. 'n Ruim kajuit met nuwe standaarde van swierige binnekenmerke:
'n Omvattend toegeruste paneelbord met toereteller en syferhorlosie (GLS-modelle). Getinte voorruit. Pluispooltapyte kleuraangepas by ingevoerde veloermateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).
Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5 spoed-handrat, GLS outomaties.
As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaarde van ingenieurswese en ruimte oortref word . . .
RUIMTETUIG
Vlieg Metta Jetta
VW JETTA
Harold's Volkswagen
Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261
J40

**Junior Rapportryerbeweging Kandelaarkorps**
bied aan
**FOTOWEDSTRYD**
Tema: Kampuslewe
Pryse: Eerste prys: R20 koopbewys.
Tweede prys: film. Derde prys: film.
Stuur inskrywings aan: C H Boshoff, Caput.
Reëls:
1. Slegs monochroom
2. Minimum grootte: poskaart
3. Naam, adres en fototitel moet inskrywing vergesel
4. Slegs ongemonteerde foto's toegelaat
5. Aantal inskrywings per persoon: minimum 2; maksimum 6.
6. Foto's sal terugbesorg word, maar organiseerders mag dit publiseer
7. Beslissings is finaal
8. Sluitingsdatum: 18 Junie 1981
Geborg deur:
J P van der Walt Apteek
(oorkant OK)

# Dirigentverkiesing: Beleidsverklarings



**André Delport — Klooster**

Die intervarsityspook loop weer en die Puk gaan hierdie jaar behoorlik spook.

Ons gaan die Raukies soos ou, vrot, ontbindende begrafnisrys laat lyk. Die afkortings RAU en IG (Intelligensie gebrek) is sinoniem en dis eintlik wreed dat hulle teen die Puk moet kompeteer want selfs 'n klomp potplante sou beter gevaar het, fisies en psigies.

Met my ondervinding van my konsentrasiekampdae is dit my ideaal om die Raukies op die pawiljoen geestelik en emosioneel so te breek dat jy geen verskil sal sien tussen 'n Raukie en 'n nagkar nie.

Pukke, ons gaan daai lomp klomp semelkoppe se neuse in die aarde vryf!



**Koos Scholtz (OJ) — Hombré**

Hiermee stel ek myself verkiesbaar tot dirigent vir die intervarsity teen RAU.

Ek beloof om my bes te gee en om 'n Puk-gees te skep in die ware tradisie. Ek sal deurentyd poog om deur my optrede en gedrag die Puk se naam hoog te hou en sodoende ook my mede Pukke te inspireer tot dieselfde doelstellings, sodat Intervarsity in 'n goeie en gesonde gees kan geskied.



**Charles Robus — Hombré**

Hiermee stel ek myself beskikbaar vir die intervarsity teen RAU as dirigent. Dit sal my doel wees om 'n ware Puk gees te skep op die regte manier. Dit sal vir my ook 'n voorreg wees en ek sal die Puk se naam hoog hou deur my optrede.



**Philip Theunissen — Klooster**

Intervarsity!

Dis begrafnistyd vir RAU!

Saterdag, 9 Mei, tref 'n vloed van Puk-geweld die Raukies wat Laingsburg soos 'n wasbak vol water sal laat lyk.

RAU (Regte Amateuragtige Uilskuikens) met sy weerstand van 'n vrot paw-paw, sal so plat soos 'n oopgerolde guavarol lyk as die Puk eers oor hulle gestoomrol het.

Om RAU op die veld ore aan te sit is so maklik soos druiwe pluk want om met mense te kompeteer met die verstandelike vermoëns van 'n twee weke oud halfgeëte appel sal selfs vir 'n kleuter geen inspanning wees nie.

Pukke, ek wil van hierdie intervarsity een groot vrugteslaai maak waarvan RAU die basis sal vorm asook alle bymiddels en newe-effekte.

Hulle sal gis as ons met hulle klaar is.



**— Dawie Kriel —**

● *Hy kon ongelukkig nie betyds opgespoor word vir sy beleidsverklaring nie. Dit sal tydens die verkiesing uitgereik word.*

# Fokusse is sukses

**KLAPUFULU bewys dat fokusse kan slaag.**

Caput, Klawerhof en Kulu het 'n aksie aangebied waarop die hele saak van fokusse bespreek is. Daar is gevoel dat tot op hede 'n groot leemte bestaan in die funksionering van fokusse. Deur die aksie het dié drie koshuise bewys dat die fokusgroep Klapufulu, bestaansreg het. Die aksiebywoners was na afloop van die aksie baie positief. Selfs die UK was na dese baie optimisties, en het gevoel dat fokusse wel kan slaag.

# Overs vs Taaibos

**DIT is nou al tradisie — die jaarlikse bymekaarkom van Over-de-Voor en Taaibos ('n manskoshuis van Tukkies).**

Die naweek het hulle weer so gemaak, en was dit stryd na stryd om te kyk wie is die beste in veerpyltjies, dambord, tennis, gholf en enigiets waaraan mens kan dink en waarin moontlike kompetisie skuil.

Die hoogtepunt was Saterdagmiddag toe die twee koshuise se eerstespanne teen mekaar op die veld gedraf het — nadat die "wynsakke" almal gewys het hoe word rugby nou eintlik gespeel. Te oordeel aan die toejuiging van die toeskouers, was ook die sjampanjenooientjie 'n reuse-sukses, letterlik en figuurlik! "Overs" het die wedstryd gewen met 16—0.

Met 'n skrale oorwinning in slegs gholf, brug en sokker, het die Tukkies Saterdagaand (darem nadat hulle die innerlike eers goed versterk het) in die pad geval.

# Klaradyn kom nie

**DIE tradisionele interaksie tussen twee Pukkoshuise en twee koshuise van TUKS het hierdie jaar skeefgeloop. Dit sou die afgelope naweek plaasgevind het, maar Klaradyn het nie opgedaag nie.**

Dit is 'n instelling dat Over-de-Voor en Heide jaarliks 'n aksie het saam met Taaibos, 'n manskoshuis en Klaradyn, 'n dameskoshuis, van TUKS. Hierdie aksie was nog altyd 'n groot sukses en het goeie betrekkinge tussen die Pukke en die Tukkies gebou.

Hierdie jaar het Klaradyn egter kort voor die April-vakansie laat weet dat hulle nie meer kon kom nie. Heide het alles in hul vermoë gedoen om die aksie tog te laat plaasvind, maar Klaradyn het hulle net te laat laat weet dat hulle nie meer kon kom nie. Tot op die nippertjie was die slaapplek en die kos nog vir die Tukkiedameskoshuis gereël, maar Heide was verplig om dit later te kanselleer.

Taaibos en Over-de-Voor se planne het glad verloop en hulle aksie het wel plaasgevind. Heide oorweeg dit om volgende jaar 'n ander koshuis te nooi as Klaradyn weer nie beskikbaar is nie.

# Raad vir hoofpyn

**— Suster Landa Oelofse —**




**Spanningshoofpyn en die behandeling deur fisioterapie**

**Oorsake**

1. Enige spanningsituasie waarin 'n persoon verkeer (tydelik of oor 'n lang tydperk).
2. Sielkundige probleme (veral depressiwiteit of angsspanning).
3. Fisiese oorsake, soos swak nekpostuur, tydens studie, spierpyn weens slaap op 'n té stywe kussing, en nekwerwelprobleme.

**Simptome**

1. Persone is dikwels, dog nie noodwendig nie, depressief van geaardheid.
2. By meeste gevalle is nekspierspasma en gestremde nek- en skouerbewegings, teenwoordig.
3. By een persent van die gevalle is slegs hoofpyn teenwoordig met geen spierspasma nie. Hierdie is gevalle wat langer neem om te reageer op behandeling en dit is dikwels aan te beveel dat hierdie persone van sielkundige hulp gebruik maak.

**Behandeling**

Die doel is om spierspasma te verlig en sodoende nekbeweging te verbeter.

1. Elektriese behandeling soos hitte of klankgolwe om pyn te verlig.
2. Massering en traksie in probleemgevalle.
3. Vry bewegings en weerstandsoefeninge om spierspasma te verminder en beweging te bevorder, is belangrik.

**Voorligting**

1. Die persoon moet self die toestand kan identifiseer en hanteer. Pille sus slegs die simptome, maar verwyder nie die oorsaak nie. Langdurige gebruik van pille is gevaarlik.
2. Opvoeding aangaande korrekte nekpostuur.
3. Voorkom kondisionering van een persoon na 'n ander (byvoorbeeld ouer na kind).
4. 'n Positiewe houding is noodsaaklik vir verbetering van die toestand.
5. Oefening moet voortdurend herhaal word, al het simptome opgeklaar, want dit dien as voorkomingsmiddel.

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

Suzuki Distributors (Pty) Ltd/(Edms) Bpk
SUZUKI
The most fun under the sun · Die grootste pret onder die son
140 Second Street/Tweedestraat 140 · Box/Posbus 768 · Springs 1560
Republic of South Africa/Republiek van Suid-Afrika · Tel. 812-1320 · Telex/Teleks 86470




SPESIALE STUDENTE AFSLAG!
Die hoofkantoor van Suzuki het besluit om die spesiale studente-afslag aan Potchefstroomse studente aan te bied.
(Die aanbod geld ook vir personeel).
Dit beteken dat 'n student by enige gemagtigde Suzukihandelaar 'n motorfiets kan koop en beding vir die bes moontlike prys. Die afslag word gemaak afgesien van die metode van aankoop, finansiering, afbetaling, ens.
Daarna handig die koper net sy afskrif van die verkoopsbestuurder by Pieter Opperman, Tambotiewoonstelle 18, Molenstraat 91 in, wat dit aan Suzuki sal stuur. Suzuki sal 5% van die verkoopprys van die motorfiets aan Pieter stuur wat dit op sy beurt aan die koper sal oorhandig.
Skakel Pieter by 24192 vir verdere besonderhede. Kontak hom nou en bespaar petrol.

CHECKERSSENTRUM, TEL. 24691
Debbies
Bring u die Ooste
ONS SPESIALISEER IN:
● Materiale
● Patrone
● Kramery
● Randpatrone

Sanet's Health Shop
● Gesondheidsvoedsels
● Verslankingsmasjiene
● Natuurlike skoonheidsmiddels
● Dieetvoedsels
● Homeopatiese middels
Malherbestraat 42
Telefoon 5444




## ● Sportpersoonlikheid

# Piet Goosen

— Griet Gräbe —

**PIET GOOSEN het 20 April sy Springbokkleure vir atletiek ontvang.**



● *Piet Goosen het sy Springbokkleure vir atletiek ontvang. Hier is hy in aksie in die item waarin hy ook die O/19 wêreldrekord hou.*

Piet neem al byna twaalf jaar lank deel aan atletiek. Hy was 'n naelloper voor hy in velditems begin deelneem het. As onder-19 atleet van Hugenote Hoërskool in Springs, het hy reeds bekendheid verwerf. Hy het die wêreldrekord vir sy ouderdomsgroep verbeter na 66,52 m. Drie Amerikaanse universiteite het beurse vir Piet aangebied, maar hy het dit van die hand gewys.

In 1974 doen hy sy basiese opleiding in Upington, daarna word hy na Pretoria verplaas. Piet het in 1975 ingeskryf by die Puk en het by die eerstejaarsbyeenkoms reeds die Pukrekord verbeter na 54,04 m. Die rekord staan vandag nog. Dieselfde jaar wen Piet die Suid-Afrikaanse kampioen, John van Reenen by 'n byeenkoms in Port Elizabeth. Sy afstand van 63,382 m besorg hom die beste prestasie wat 'n twintigjarige nog in die wêreld behaal het.

Hy word ook die enigste atleet in die wêreld wat die drie implemente, die een kilogram, die een-en-'n-half kilogram en die twee kilogram diskus, verder as 200 voet (60 meter) kon gooi. In daardie stadium was hy eerste op die Suid-Afrikaanse ranglys met 1101 punte, agtiende op die wêreldranglys.

Sedert 1978 staan die Pukrekord agter Piet se naam en het hy nog elke jaar gewen. Vanjaar is Piet se beste afstand 61,72 m en hy het nog nie verloor nie. Piet is ook die konstantste deelnemer wat punte aan betref by die SAU-kamioenskappe.

Piet Goosen hou skool by Potchefstroom Tegnies en rig diskus en hamergooi af. Hy gee Biologie en Liggaamlike Opvoeding. Piet is ingeskryf vir 'n na-uurse BA-graad. Die groot man waardeer ook die fynere kunste en skilder self. Hy het baie olieverfskilderye van wilde diere en hou ook daarvan om anatomie te skilder. Piet is lief vir tuinmaak en het tans 'n versameling van vyftig soorte kaktusse.

Soos baie ander sportmanne, kom Piet ook uit 'n sportfamilie. Sy vader was 'n goeie gimnas en sy broer Rassie is 'n yshokkiespeler. Op 6 Januarie 1979 is hy met Retha Bothma getroud. Sy werk as sekretaresse by die Sportburo.

# *Weste kry slae*

**Noord-Transvaal het Saterdag 25 April, die seisoen begin deur Wes-Transvaal met 67—21 te wen. Die Wes-Transvaalspan bestaan uit twaalf Pukke.**

Die agttal van Noord-Transvaal het goeie rugby gespeel en het André Markgraaff en sy manne gedurig op die verdediging gehou. Die Ligblou-agttal het die beste in die vastelos en losskrums gevaar.

André Markgraaff het hard gespeel maar moes die lynstaanstryd met 10—20 teen André Skinner en Barend Brits verloor. In die losskrums het Gert Smal 'n bars hou gespeel terwyl Jan Geldenhuis ook moedig verdedig het aan die begin. George Moorcroft het sy kritici se monde gesnoer met puik verdediging.

Die agterlyn het deurgaans goed verdedig. Wessel van der Merwe, heelagter wat 'n kleiner weergawe van Gysie Pienaar genoem word, het met sy vaart en veilige hande uitgeblink. Hy staan 'n kans om vir die Gaselle gekies te word.

Vir Wes-Transvaal het Wessel van der Merwe en Nic Nortjé gaan druk.

Louwtjie van der Walt het die drieë vervyf en ook met drie strafskoppe geslaag.

Zillen Roos het ook hard verdedig. Wes-Transvaal het heeltyd hard gespeel en goed verdedig, en het bewys dat die potensiaal daar is om 'n paar spanne vanjaar te klop.

# Voorsitters stel min belang in Sportraad

**DIE Sportraadsvergadering wat Maandag 27 Mei gehou is, is ontbind weens swak opkoms van die onderskeie klubvoorsitters.**

In die verloop van die vergadering het dit geblyk dat twee van die verteenwoordigers nie instaat is om inligting te gee aangaande die klub wat hy verteenwoordig nie. Mnr Piet Louw (sportorganiseerder) het aan die voorsitter van die vergadering gevra om vas te stel hoeveel voorsitters teenwoordig is op die vergadering. Slegs sewe voorsitters was daar, die res van die vergadering het bestaan uit mense wat deur die klubvoorsitters aangewys is om die vergadering by te woon.

Mnr Piet Brand (sportbeampte) het geen doel daarin gesien om belangrike inligting aangaande die komende Intervarsity bekend te maak nie, aangesien min voorsitters verteenwoordig was. Mnr Brand wys ook daarop dat lede van die vergadering verskoning maak en loop nog voor hulle bepaalde sportsoort bespreek is.

Sodanige persone kon netsowel nie opgedaag het vir die vergadering nie, omdat hy geen inligting oorgedra het nie en ook geen inligting ontvang het nie. Net voor die vergadering verdaag is, is vasgestel dat daar nog net vier voorsitters op die vergadering teenwoordig was.

Die volgende klubs het voorsittende verteenwoordigers op die vergadering gehad: Trapkar, Gholf, Tennis, Aikido, Jukskei, Gimnastiek, Swem en Sokker.

Die volgende klubs het geen voorsittende verteenwoordigers op die vergadering gehad nie: Atletiek, Manshokkie, Dameshokkie, Krieket, Kano, Muurbal, Netbal, Rugby, Pluimbal, Karatè, Judo, Gewigoptel, Skerm, Stoei, Praktiese skiet, Onderwater hokkie, Trampolien en Tuimel en Tafeltennis.

Mnr Brand skryf die algemene oningeligdheid van die Puk sport-massa toe aan die gebrek in belangstelling van die onderskeie klubs se voorsitters.

Kan die swak vertonings van sekere sportsoorte tydens Intervarsities, 'n direkte gevolg wees van die swak dissipline in die sportklubs?

# Kortsport

### ● Ibbies

Op Olënpark het die Ibbies hulle wedstryd gewen deur Goldfields-Wes met 39—6 te klop. Die Ibbies is nog voor in hulle liga. Die rustydtelling was 17—0 in die guns van die Pukke.

André Oelofse het drie van die Ibbies se sewe drieë gedruk. Nicol Moodie, Theuns Botha, Barend Kirsten en Ig de Jager het ook elkeen 'n drie gedruk. Herman Kleynhans het met vier doelskoppe en 'n strafskop geslaag.

### ● Koshuisrugby

Die koshuisrugby het weer 'n groot verrassing opgelewer toe Villagers vir Amajuba met 27—5 gewen het. Caput het in 'n harde wedstryd teen Hombré gewen. Hulle telling was 6—0. Over de Voor het 'n sportdag met Taaibos van Tukkies gehad en het goeie rugby gespeel om Taaibos 12—0 te wen.

### ● Muurbal

Die muurbalklub kies 11 Mei 'n nuwe voorsitter. Die verkiesing sal om 17h00 by die muurbalbane gehou word en daar word 'n beroep op die muurbalspelers gedoen om die verkiesing by te woon. Die vorige verkiesing was ongeldig omdat daar nie 'n studenteraadslid verteenwoordig was nie.

### ● Tafeltennis

Op Woensdag 22 April het die Pukke die volgende wedstryde afgehandel:

Puk 1 wen 9—1 teen Telkom, Puk A2 wen 9—1 teen Ontvanger en Puk B3 wen 7—3 teen Telkom.

### ● Netbal

In die Wes-Transvaalliga wat 25 April plaasgevind het, het die eerste span Klerksdorp 44—9 gewen. Die onder-20 A-span het in hulle wedstryd teen Pote gelykop met 22 punte elk gespeel. Die B-span het Klerksdorp 11 30—9 gewen.

### ● Dameskano

Die eerste dameskoshuisliga is afgehandel en die uitslae is soos volg: Wag-'n-Bietjie was eerste, Vergeet-my-nie was tweede en Klawerhof was derde. Die volgende koshuise is Dinki, Karlien, Kulu, Kasteel en Wanda.

### ● Sokker

Die Sokkerspanne doen baie goed in die liga en die eerste span het Saterdag, 25 April, Weermag 6—1 gewen. Die tweede span wen hulle wedstryd teen Weermag 3—1.



● *Villagers en Amajuba spring hier hoog in die lynstaan om besit van die bal. Villagers wen die wedstryd 27-5.*

# Bult Garage borg sport

**SPORTRAAD het van Bult Garage 'n sportborg ontvang waarby die koshuise ook voordeel kan trek. Bult Garage skenk aan die Sportraad half sent per liter petrol wat deur studente gekoop word.**

Vir elke R5 se petrol wat ingegooi word, moet studente 'n sportpetrolstrokie by die petroljoggie vra as bewysstuk. Petrolstrokies sal net ontvang word as daar by die twee pompe aan Tomstraat se kant ingegooi word.

Die strokies moet aan die Sport HK's oorhandig word. By koshuissport-

(Vervolg op p 6)